AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

Gevorderde Diploma in Projekbestuur

NKR-vlak 7 | 130 krediete | SAQA ID: 99024

Toelatingsvereistes

'n Geakkrediteerde driejaarkwalifikasie op NKR-vlak 6 OF gelykstaande/hoër kwalifikasie. Praktiese werkervaring in 'n veld wat met die vlak 6- kwalifikasie ooreenstem sal voordelig wees.

Tydsduur van program

Die program moet in een jaar voltooi word.

Kontaksessies

Kontaksessies is verpligtend. Studente moet agt kontaksessies op Saterdae by hulle geregistreerde studiesentrum bywoon (let daarop dat studente in Die Moot en Lynnwood hulle kontaksessies by die Centurion-studiesentrum bywoon). Raadpleeg die jaarbeplanner met betrekking tot kontaksessies.

Deelname aan kontaksessies word gemonitor en maak deel uit van verpligte klasbywoningvereistes.

Assessering

- Deurlopende formatiewe assessering bestaan uit groepsopdragte, individuele opdragte en een toets per module.
- Let wel: Studente se jaarpunt word uit formatiewe assessering bereken.
- Projekplanportefeulje: 'n Omvattende projekplan wat deur die loop van die jaar opgestel word, word ingedien. Hier word inhoudelike toedeling aan elke module bepunt. Individuele voorleggings van die projekplanne word dan aan 'n paneel gedoen om die finale summatiewe assesseringspunt te bepaal.
- 'n Finale punt (formatief en summatief) van 50% moet vir elke module behaal word om die program te slaag.

Modules

- Inleiding tot Projekbestuur (PMI107)
- Korporatiewe Projekbestuur (CPM107)
- Projekuitvoeringsbestuur (PEC107)
- Projektydsbestuur (PTP107)
- Projekkostebestuur (PCM107)
- Projekkwaliteit- en Risikobestuur (PRQ107)

Programkoste: R37 850

Voornemende studente wat nie aan die bogenoemde vereistes voldoen nie kan navraag doen oor alternatiewe toelatingsvereistes, insluitende ***Erkenning van vorige leer*** en ***Kredietakkumulasie en -oordrag***, om graadtoelating te bekom.

Vir meer inligting skakel ***0861 222 888*** of stuur 'n e-pos aan ***navrae@akademia.ac.za***

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005